# LAERSKOOL MIKRO

Telefoon: 021 –903 2126
E-pos: info@laerskoolmikro.co.za
Webwerf: www.laerskoolmikro.co.za

Spruitstraat
Kuilsrivier
7580

Posbus 53
Kuilsrivier
7579

*... waar kind nog kind kan wees ...*

39/2023

5 Desember 2023

Geagte Ouers

Onderwerpe wat in hierdie Mikrofokus aangespreek word:

1. Uit die Kantoor
2. Grondslagfase markdag
3. Skryfbehoeftepakkette vir 2024

## 1. UIT DIE KANTOOR

Baie dankie aan almal wat ons leerders tydens die eksamen ondersteun het. Ons vertrou dat hulle die vrugte van hul harde werk sal pluk. Vir die eerste kwartaal van 2024 is 'n tydelike aanstelling in die gr 7.4 – klas gemaak. Me Ruquayah Langeveldt sal in die pos waarneem. Een van die redes vir die tydelike aanstelling is weens die feit dat die onderwysdepartement nog nie 'n aanstelling in ons Departementshoofpos (mnr Johan Vermeulen se pos) gemaak het nie. Ons vertrou dat me Langeveldt baie gelukkig by ons sal wees.

Ons herinner u daaraan dat die skool op Dinsdag, 12 Desember 2023 om 10:45 vir die graad 1 tot 7-leerders sluit. Dit is een dag vroeër as wat aanvanklik op die kalender aangedui is.

Me Danike Smith (gr. R.3) het die afgelope naweek aan mnr Hannes de Wet (voormalige gr. 7-onderwyser by Mikro) verloof geraak. Ons is saam met hulle opgewonde en wens hulle hartlik geluk met hierdie groot stap.

## 2. GRONDSLAGFASE MARKDAG: DONDERDAG, 7 DESEMBER 2023

Die Grondslagfase-leerders kry komende Donderdag die geleentheid om hul entrepeneursvaardighede ten toon te stel. Daar gaan **BAIE** stalletjies wees en dit beloof om 'n opwindende ervaring te wees. Die leerders word aangemoedig om asseblief geld saam te bring om hierdie leerders te kom ondersteun.

**LET WEL!** Hap-en-Stap snoepie sal op die markdag tydens eerste pouse gesluit wees, maar dit sal wel voor en na skool oop wees.

## 3. SKRYFBEHOEFTEPAKKETTE VIR 2024

### RIBBENS OFFICE NATIONAL

Op 5 & 6 Desember 2023 en 15 & 16 Januarie 2024 sal Ribbens Office National vanaf 16:00 tot 19:00 in die voorportaal by Mikro wees sodat u kind(ers) se skryfbehoeftes vir 2024 kan koop of bestel. U betaal direk aan Ribbens sodra u die pakket ontvang – kaartfasiliteite is beskikbaar. (Skakel Lindi by Ribbens vir enige navrae by 021-980 9200.) U kan ook op Ribbens se webtuiste direk bestel.

### BIDVEST WALTONS

Bidvest Waltons bied `n baie gerieflike aanlyndiens aan ouers. Pakkette kan d.m.v. Waltons se webtuiste bestel word. Die pakkette kan óf by die naaste WALTONS tak opgetel word óf kan direk by u huis teen `n minimale koste afgelewer word.

Voorspoed vir die week.

L. Mouton
SKOOLHOOF

## BAIE DANKIE AAN ONS BORGE.



# DESEMBER 2023

| Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag | Saterdag | Sondag |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | 1<br>o.13 Seuns Tennisproewe vir 2024<br>Graad R van 2023 Afsluitingsbraai | 2 | 3 |
| 4<br>o.13 Seuns Tennisproewe vir 2024 | 5<br>Ribbens Pakette<br>@ 16:00 – 19:00 | 6<br>Ribbens Pakette<br>@ 16:00 – 19:00 | 7<br>Grondslagfase Markdag | 8<br>Graad 7 Afskeid<br>Leerraadkamp vir 2024 groep | 9<br>Leerraadkamp vir 2024 groep | 10<br>Leerraadkamp vir 2024 groep |
| 11<br>Graad 7 Uistapdag | 12<br>SKOOL SLUIT | 13 | 14<br>VAKANSIE | 15<br>VAKANSIE | 16<br>VAKANSIE | 17<br>VAKANSIE |
| 18<br>VAKANSIE | 19<br>VAKANSIE | 20<br>VAKANSIE | 21<br>VAKANSIE | 22<br>VAKANSIE | 23<br>VAKANSIE | 24<br>OUKERSAAND |
| 25<br>KERSFEES | 26<br>VAKANSIE | 27<br>VAKANSIE | 28<br>VAKANSIE | 29<br>VAKANSIE | 30<br>VAKANSIE | 31<br>OUJAARSAAND |

***Datums is onderhewig aan veranderinge/kansellasies.**

**BLOU: Datums bygekom** **ROOI: Datums het verander**